

SONDAG 28 JUNIE

SKRIFGEDEELTE: 1 JOHANNES 5:13-21

FOKUSGEDEELTE: 1 JOHANNES 5:20 (OAV & NAV)

Johannes – Deur God se werk ken ons God

Dit is wonderlik om te weet dat ons as gelowiges die ware God kan ken. In sy oneindige groot liefde het Hy sy Seun gegee om dit moontlik te maak. Deur Christus se offer aan die kruis is daardie skeiding wat bestaan het tussen ons en God, heeltemal verwyder. Ons kan nou met 'n geruste hart waarlik tot God nader en dit wat Hy aan ons openbaar, inneem en daarvolgens leef.

Deur die Gees wat in ons werk, kan ons hierdie openbaring verstaan en ook met vrymoedigheid ons verhouding met God versterk deur die gebed. Ons moet op ons knieë sak en God dank vir hierdie wonderlike middele wat Hy aan ons gegee het sodat ons Hom kan ken en in die geloof kan groei.

God gebruik dan ook mense soos Johannes (die Here is genadig) om ons kennis in God uit te brei. Die Gees het in Johannes gewerk om God se boodskap neer te skryf, en daardie selfde Gees werk in ons harte vandag sodat ons hierdie boodskap kan verstaan en God waarlik kan ken.

Omdat ons God waarlik ken, weet ons dat ons in ons nood God kan nader en so kan ons begryp dat alles wat ons nou hier op aarde deurgaan, deel is van God se raad. Ons het ook nou dié kennis en deur die Gees kan ons ander leer sodat hulle ook deur geloof God kan ken.

Sing: Psalm 45:1, 4 (1936)

Teologiese Student Jaco Cronje